or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Aandelekapitaal
- Beperkte aanspreeklikheidsklousule

- Inhoud van die Statute:
  - Aandele en wysiging van regte
  - Vergaderingsreëlings
  - Direkteure
  - Dividende en reserwes
  - Rekeningkundige rekords

  [Leerders moet kan uitbrei op hierdie inhoudelike en die defenisie van die dokument ken]]
- Die grondwet (Akte van oprigting en die Statuut) moet onderteken word deur die voorgeskrewe aantal promotors soos vereis deur die Maatskappyewet en soos van toepassing op die twee soorte maatskappye, met getuies
- Die inhoud van die grondwet kan slegs verander word deur ‘n spesiale besluit deur die meerderheid van die aandeelhouers
- ‘n Private maatskappy kan begin sake doen na ontvangs van die Sertifikaat van Inkorporasie, maar ‘n publieke maatskappy moet nou eers die publiek uitnooi om aandele te koop d.m.v. ‘n prospektus
- Prospektus van ‘n publieke maatskappy:
  - Dit moet skriftelik aan die publiek gerig word en aandele teen ‘n geldprys bied
  - Moet by die Registrateur van Maatskappye geregistreer word en deur die direkteure onderteken word
  - Inhoud: Moet onder andere die volgende inligting bevat
    - ~ Bewys dat dit geregistreer is
    - ~ Datum van registrasie van die Maatskappy
    - ~ Inhoud van die Akte van Oprigting
    - ~ Bedrae betaalbaar aan promotors,ens.
- Verwys ook na die minimum inskrywing wat binne 60 dae na die eerste uitreiking van die prospektus verkry moet word, asook die onderskrywing van aandele

1.3 Jy moet die **verskille tussen** die genoemde **ondernemingsvorme** ken. Verwys na die kenmerke, voor- en nadele om dit te kan doen

1.4 Verwys slegs na die **aard van samesmeltings** (horisontaal en vertikaal / konglomeraat)

1.5 ‘n **Beheermaatskappy** is ‘n maatskappy wat:
- meer as die helfte van die uitgereikte aandele van ‘n ander maatskappy besit
- meer as die helfte van die stemreg besit
- die meerderheid van die direksie mag aanstel

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

1.6 **(SLEGS HG) Faktore wat 'n rol speel by die keuse van 'n ondernemingsvorm:**
[Leerders moet kan uitbrei op hierdie faktore, deur na die verskillende ondernemingsvorme te verwys]
Verwys na:
- Die grootte / aard van die onderneming
- Voortbestaan
- Bestuur
- Wetlike formaliteite by oprigting
- Aanspreeklikheid van die lede vir die skuld van die onderneming (Dra van die finansiële risiko's van die onderneming)
- Kapitaalvoorsiening
- Inkomstebelasting
- Winsverdeling
- Verkoop van belang in die onderneming, ens.

2. BEMARKINGSFUNKSIE

(Die VIER beleidsinstrumente in bemarking)

2.1 Produkbeleid

Dit sluit die volgende in:
- *Die keuse van die produk/produktereeks:* [Leerders moet kan verwys na en onderskei tussen Verbruikersgoedere (Geriefs-, uitsoek- en spesialiteitsgoedere), Nywerheids- / kapitaalgoedere, en Dienste. Voorbeelde kan ook vereis word]
- Die *belangrikheid* van en *stappe* wat gevolg moet word by produkontwerp
- Onderskei tussen die *lewensiklus* en die raklewe (vervaldatum van 'n produk)
- *Verpakking*: Doel, Vereistes, en verskillende vorme van verpakking
- *Handelsmerk*: Belangrikheid, Vereistes en Vorme van handelsmerke. Leerders moet weet dat die SABS- merk **nie** 'n handelsmerk is nie

2.2 Prysbeleid

Leerders moet die volgende kan noem en verduidelik:
- *Doelwitte* van die vervaardiger / handelaar met prysbepaling
- *Partye* betrokke by prysbepaling
- *Faktore* wat pryse van goedere kan beïnvloed (Markvorme, Aard van die vraag, Substituutprodukte, Afslag / kortings, Vasgestelde pryse deur die Staat, Optrede en reaksie van verbruikers en verspreiders, produksie- en verspreidingskoste, Prysaanpassings)

2.3 Distribusie- / verspreidingsbeleid

Hierdie beleidsinstrument behels die volgende:
- Wat is die *betekenis* van distribusie en distribusiekanale?
- *Basiese distribusiekanale* begin altyd by die fabrikant/produsent en eindig by die verbruiker en kan die groot- en kleinhandelaar, asook agente insluit

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- *Redes* vir direkte-, sowel as indirekte distribusie
- *Metodes* om tussenpersone *uit te skakel* of te *beheer*
- *Verskillende soorte agente* in die verspreidingsproses*:* Makelaars, Kommissieagente (wat bykomende [del-credere] kommissie kan verdien wanneer hulle krediet toestaan, Inkoopagente, Verkoopagente en Fabrieksverteenwoordigers. ‘n WENK: Al hierdie agente verdien kommissie, verteenwoordig ‘n lasgewer en besit **nie** eiendomsreg op die goedere/dienste wat hulle namens hul lasgewers moet koop of verkoop nie
- *Informele sektor:* Entrepreneurs wat vir hulself werk skep om ‘n inkomste te verdien. Nie ‘n formele besigheid, en daar is gewoonlik min kapitaal nodig is om dit te begin. Voorbeelde: verkoop van groente / vrugte / selfoonsakkies / sonbrille / tuisgebak, ens. op sypaadjies, by verkeersligte, vlooimarkstalletjies, ens. [Leerders moet ook na die voordele van hierdie distribusieproses kan verwys]
- *Konsessies / franchise:* ‘n Entrepreneur verkoop sy / haar “sukses resep” van die besigheid aan ander belangstellende entrepreneurs op sekere voorwaardes. Die Konsessie-gewer vereis dat die bestuur-, voorkoms en uitleg van die besigheid van die konsessie-ontvanger, ens. aan sy / haar “sukses resep” voldoen. Voorbeelde KFC, O’Hagans, Spur restaurante, Something fishy, ens. Leerders moet ook na die voor- en nadele van konsessies kan verwys.

2.4 Bemarkingskommunikasie beleid

Bekendstelling van die produk onder die verbruikers deur middel van reklame en publisiteit

- *Reklame / advertensies*: Voordele, beginsels, doel, etiese reëls rondom reklame, advertensie metodes en media om met die verbruiker te kommunikeer, vereistes van ‘n goeie advertensie, interne publisiteit (ligging en voorkoms van die besigheid, optrede van die onderneming , ens.) **toets van reklame resultate (slegs HG),**
- *Advertensiekontrakteurs / reklamepraktisyns:* Leerders moet net weet wat hul rol in bemarkingskommunikasie is
- *Effek* van advertensiekoste op pryse van produkte
- Onderskei tussen *reklame en publisiteit* as twee van die komponente in bemarkingskommunikasie
- *Beplanning van ‘n reklameveldtog:* **(Slegs HG)**
  ~ Dit is ‘n gebalanseerde samestelling van advertensies,
  ~ wat versprei word tussen verskillende advertensie media,
  ~ sodat die boodskap op die doeltreffendste wyse aan verbruikers,
  ~ oorgedra kan word deur die volgende stappe: Markontleding, bepaling van reklamedoelwitte, reklamebegroting, keuse van advertensiemedia, ontwerp en bewoording van advertensies, koördinasie en toets van reklameresultate

3. FINANSIëLE FUNKSIE

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

3.1 Kapitaalbehoeftes van ‘n onderneming

- VASTE KAPITAAL
  - Die deel van die totale kapitaal van ‘n onderneming
  - wat opgesluit lê in vaste bates soos grond, geboue en toerusting
  - wat aangewend word om die besigheid te bedryf en
  - wat permanent in die onderneming bly

  FAKTORE WAT VASTE KAPITAALBEHOEFTES BEPAAL
  (Leerders moet kan verduidelik hoe elke faktor die vaste kapitaalbehoeftes beïnvloed)
  - Aard van die onderneming
  - Grootte van die onderneming
  - Ontwikkelingstadium van die onderneming

  BRONNE WAAR VASTE KAPITAAL BEKOM KAN WORD
  - Eie kapitaal wat die eienaar(s) self voorsien, soos bv. aandele by maatskappye en reserwefonds opgebou uit onuitgekeerde winste
  - Geleende kapitaal: Lenings by die kapitaalmark (finansiële instellings) wat geld op die langtermyn uitleen, bv. Verbande, en uitreik van obligasies deur maatskappye

- BEDRYFSKAPITAAL
  - Dit is die deel van die totale kapitaal
  - wat gebruik word om lopende uitgawes mee te betaal, voorraad aan te koop, krediet toe staan, ens
  - is vloeibaar en verander daagliks

  BRONNE WAAR BEDRYFSKAPITAAL BEKOM KAN WORD
  - By die geld- / kredietmark wat geld op die korttermyn uitleen
  - Krediet verleen deur die verskaffers van voorraad
  - Oortrokke bankrekenings
  - Wissels en promesses
  - Bankaksepte
  - Faktorering van debiteure (Leerders moet hierdie konsep kan bespreek)
  - Pakhuiskwitansies
  - Bruikhuur

  FAKTORE WAT BEDRYFSKAPITAALBEHOEFTES BEPAAL
  (Leerders moet hierdie faktore kan noem en verduidelik hoe elk afsonderlik ‘n invloed het op die onderneming se bedryfskapitaalbehoeftes)
  - Aard van die onderneming
  - Grootte van die onderneming
  - Ontwikkelingstadium
  - Produksietydperk
  - Omsetsnelheid van voorraad
  - Inkoop- en verkoopvoorwaardes

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Seisoensverbruik
- Seisoensproduksie

- BEGROTINGS
  - Finansiële beplanning vir die toekoms
  - Besighede stel begrotings op om hul kapitaalbehoeftes te bepaal
  - Aanduiding van die onderneming se verwagte inkomste en uitgawe

  KAPITAALBEGROTING
  - Bepaling van die **vaste** kapitaalbehoeftes van die onderneming
  - en hoe dit gefinansier gaan word
  - Opgestel vir 5 en meer jare in die toekoms en
  - Jaarliks hersien

  KONTANTBEGROTING
  - Bepaling van die **bedryfs**kapitaalbehoeftes van die onderneming
  - en hoe dit gefinansier gaan word
  - Jaarliks opgestel en
  - Maandeliks aangepas

- **(SLEGS HG)** FAKTORE IN DIE KEUSE VAN 'N FINANSIERINGSBRON
  (Die volgende faktore sal meehelp om te bepaal of die finansieringsbron, eie- of geleende kapitaal, moet wees)
  - Termyn van finansiering
  - Beheer
  - Solvabiliteit
  - Buigsaamheid
  - Aard van die bates (Bates met 'n lewensduur van minder as 5 jaar, behoort deur lenings gefinansier te word)
  - Dringendheid

- EKONOMIESE GEBRUIK VAN KAPITAAL
  - Alle kapitaal in die besigheid moet so aangewend word dat die onderneming maksimum rentabiliteit op die kapitale belegging verkry
  - Daar moet kapitaal beskikbaar wees om die lopende uitgawes te kan betaal (likiditeit)
  - 'n Gunstige verhouding tussen eie- en geleende kapitaal moet gehandhaaf word (solvabiliteit)

  [Leerders moet kan onderskei tussen oor- en onderkapitalisasie, met verwysing na die gevolge en moontlike oplossing vir elke situasie]

3.1.1 EIE KAPITAAL

- Die deel van die totale kapitaal in 'n besigheid wat die eienaar(s) self bydra
- Maatskappye se eie kapitaal bestaan uit aandele

- SOORTE AANDELE
  [Leerders moet kan onderskei tussen die verskillende soorte aandele]

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Voorkeuraandele: Houers van hierdie aandele kry voorkeur op dividend uitbetalings en ontvang ‘n vagestelde persentasie dividend
  ~ Gewone voorkeur-
  ~ Kumulatiewe voorkeur-
  ~ Deelnemende voorkeuraandele
- Gewone aandele
- Stigtersaandele
- Bonusaandele (Gratis)

3.1.2 GELEENDE (VREEMDE) KAPITAAL

- Geld wat die eienaar(s) by ander instansies leen en met rente terug betaal
- Publieke maatskappye reik skuldbriewe / obligasies uit om geleende kapitaal te bekom

LANGTERMYN BEHOEFTES

- Verbande
- OBLIGASIES [Leerders moet onderskei tussen die verskillende soorte]
  ~ Aflosbare- en
  ~ Nie-aflosbare obligasies
  ~ Beide kan geregistreer word in ‘n persoon se naam of dit kan aan toonder uitgereik word

KORTTERMYN BEHOEFTES

- Oortrokke bankrekenings

- VORME VAN SEKURITEIT BY DIE AANGAAN VAN ‘N LENING
  - Verbande [Leerders moet dit volledig kan verduidelik]
  - Borge
  - Sedering van waardepapier

3.2 BEDRYFSBATES

3.2.1 DEBITEURE

(a) KREDIETBELEID:

- VORME VAN KREDIETVERLENING
  [Leerders moet die volgende kan onderskei]
  - Leweransierskrediet
  - Krediet op ope rekening
  - Akseptering van wissles
  - Afbetalingsverkoopooreenkoms
  - Kredietkaarte
  - Afnemerskrediet
- VOORWAARDES VIR KREDIETVERLENING
  Die volgende faktore kan kredietvoorwaardes beïnvloed:
  - Aard van die onderneming
  - Duursaamheid van die goedere
  - Lengte van die produksieproses
  - Finansiële posisie van die onderneming
  - Mededinging

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Ekonomiese toestand in die land
- Heersende rentekoerse
- Normale handelspraktyke
- Kredietwaardigheid van debiteure

(b) KREDIETINVORDERINGSBELEID

- BELANGRIKHEID VAN KREDIETBEHEER / KREDIETKONTROLE
  Effektiewe kredietbeheer kan die besigheid se
  - verkope / omset verhoog
  - winste verhoog
  - slegte skulde binne perke hou en
  - klandisiewaarde opbou
- PLIGTE VAN DIE KREDIETAFDELING
  - Vertroud wees met die besigheid se kredietbeleid
  - Oorweeg kredietverlening aan voornemende debiteure
  - Stel ‘n kredietperk vas vir debiteure
  - Kontroleer die betaling van rekenings
  - Stuur gereeld rekeningstate uit
  - Neem stappe teen agterstallige debiteure, ens.
- BRONNE VAN INLIGTING OOR DIE KREDIETWAARDIGHEID VAN KREDIET AANSOEKERS
  - Sakereferensies
  - Bankreferensies (statusrapport)
  - Kredietagentskappe
  - Sakekamers (swartlys)
  - Werkgewers
  - Kredietaansoekvorm
- METODES OM AGTERSTALLIGE KREDIET IN TE VORDER
  - Telefoniese herinnering
  - Skriftelike aanmaning
  - Aanmaningsplakkers op rekeninge
  - Prokureusrbrief in die verband
  - Hofbevel vir beslaglegging op bates

(c) FAKTORERING VAN DEBITEURE

- Verkoop van debiteure se skuld aan ‘n faktor (finansiële instelling)
- Die faktor hou ‘n gedeelte van die bedrag vir rente en finansieringskoste en betaal die balans aan die onderneming
- Die debiteur moet nou die faktor betaal
- Onderneming kry nou met een slag ‘n groot bedrag geld in plaas van ‘n klein bedraggie maandeliks
- Gewoonlik by afbetalingsverkoopooreenkomste

(d) WET OP KREDIETOOREENKOMSTE

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

[Leerders moet ten minste vyf van die bepalings / voorwaardes van hierdie Wet kan noem]

3.2.2 VOORRAAD

- DOEL VAN VOORRAADBEHEER
  - Om presies te weet wat die waarde en hoeveelheid van die voorraad is, sonder om dit te tel
  - Om die aankoop- en verkooppryse te vergelyk
  - Om toe te sien dat voldoende voorraad aangehou word
  - Om die voorraad met die rekords te vergelyk om diefstal en veroudering vas te stel
- VOORDELE EN VAN VOORRAADVORMING
  [Leerders moet weet watter voor- en nadele voorraadvorming inhou]

- **(SLEGS HG)** INVLOED WAT DIE VOLGENDE FAKTORE M.B.T VOORRAADBESTUUR OP DIE RENTABILITEIT VAN DIE BESIGHEID HET
  - Regte kwaliteit
  - Regte hoeveelheid
  - Regte tyd
  - Regte prys
  - Regte bron
  - Regte plek

- **(SLEGS HG)** VOORRAADOMSETSNELHEID
  [Leerders moet ‘n elementêre berekening kan doen]
  - Dit word uitgedruk as ‘n verhouding tussen die kosprys van goedere verkoop tot die gemiddelde hoeveelheid in voorraad teen kosprys
  - Aantal kere wat voorraad in ‘n sekere tyd in kontant omgesit word
  - Indien die omsetsnelheid te laag is, moet die redes gesoek en reggestel word

- **(SLEGS HG)** BEPALING VAN OPTIMUM VOORRAAD
  - Minimum voorraad
  - Maksimum voorraad
  - Standaardbestelling
  - Bestelpeil
  - Mees ekonomies bestelhoeveelheid
  - Voorraadhoudingskoste
  - Bestelkostes

3.2.3 KONTANT

- REDES VIR KONTANTAANHOUDING
  - Transaksiemotief
  - Voorsorgmotief
  - Spekulasiemotief

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

- VOORDELE VAN VOLDOENDE KONTANT
  [Leerders moet weet watter voordele dit vir die onderneming inhou indien aankope en ander transaksies in kontantbetaling kan geskied]

- **(SLEGS HG)** LIKIDITEITSANALISES
  [Leerders moet berekenings kan doen met gegewe inligting en tot 'n gevolgtrekking kan kom]
  - Ontledings wat gedoen word om te sien of daar voldoende kontant beskikbaar is om die normale uitgawes te betaal
  - Is die onderneming likied?
  - BEDRYFSKAPITAALVERHOUDING
  - Gesonde verhouding is nie kleiner as 2 : 1
  - Bedryfsbates : Bedryfslaste
  - VUURPROEFVERHOUDING
  - Gesonde verhouding is nie kleiner as 1 : 1
  - Bedryfsbates MIN voorraad : Bedryfslaste

3.3 VASTE BATES

- Bates met 'n lang lewensduur
- Word permanent in die besigheid gebruik
- Waardevermindering daarop moet jaarliks afgeskryf word
- Teken alle vaste bates aan in 'n vaste bate register

3.3.1 Grond
3.3.2 Geboue
3.3.3 Masjinerie / toerusting

3.4 VERSEKERING

Defenisie:

- Kontrak van skadeloosstelling / sekuriteitstelling
- Waarvolgens die versekeraar (versekeringsmaatskappy)
- Die versekerde sal vergoed vir skade gely
- Ten gevolge van 'n gespesifiseerde gebeurlikheid
- Teen betaling van 'n premie

3.4.1 NUT / NOODSAAKLIKHEID / VOORDELE VAN VERSEKERING
[Leerders moet weet waarom dit nodig is om versekering uit te neem]

3.4.2 VERSEKERBARE RISIKO'S

- BRANDVERSEKERING
  - Premie word beïnvloed deur die
    ~ versekerde bedrag
    ~ Aard van die goedere / gebou
    ~ Aard van die omliggende ondernemings en geboue

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

~ Beskikbaarheid al dan nie van brandbestrydings geriewe

- Metode om die tipe versekering uit te neem
  [Leerders moet vertroud wees met die prosedure]

- Plig van die versekerde
  ~ Versekeraar moet onmiddellik in kennis gestel word van brandskade
  ~ Moet skriftelike bewyse voorlê om die omvang van die skade te bewys
  ~ Moet die bepalings van die brandkasklousule nakom

- Brandkasklousule: Brandversekeringspolisse bevat 'n klousule (bepaling) wat die versekerde verplig om sy boeke na werksure in 'n vuurvaste brandkas te bewaar, sodat die omvang van die skade maklik bepaal kan word.

- Boekwaarde: Goedere kan verseker word teen aankoopprys min waardevermindering. Dit is egter nie 'n goeie beleid nie

- Mark- / vervangingswaarde: Goedere behoort verseker te word teen markwaarde, m.a.w. wat dit tydens skade sal kos om die beskadigde bate aan te koop

- Gemiddelde- / awery klousule: 'n Formule wat versekeraars gebruik om skadevergoeding te bepaal wanneer bates nie ten volle verseker is nie. Indien bates vir minder as die werklike waarde verseker is, kan die volle waarde van die skade nie vergoed word nie

- Onderversekering: Wanneer bates vir 'n kleiner bedrag as die werklike waarde verseker word. Formule om skadevergoeding te bepaal is Versekerde waarde ÷ werklike waarde x skade

- Indien bates vir meer as die werklike waarde verseker word, staan dit bekend as oorversekering.

- Reg van vervanging / herinbesitstelling: kan deur die versekeraar toegepas word as dit versekeraar goedkoper sal wees om die beskadigde bates self aan te koop en aan die versekerde te oorhandig. Gewoonlik toegepas by oorversekering

• STORMSKADE
  - 'n Polis kan uitgeneem word teen skade a.g.v. wind, storms, water oorstromings, hael, ens.

• INBRAAK
  - Sigbare aanduidings van gewelddadige binnekoms wanneer besighede nie normaalweg vir die publiek oop is nie
  - Moeilik om skade te bepaal

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Skadevergoeding word normaalweg bereken op die kosprys van die gesteelde goedere min 'n redelike bedrag vir waardevermindering

- DIEFSTAL VAN GELD IN TRANSITO
  - Deesdae 'n gewilde polis a.g.v. die toename in roofaanvalle
  - Die polis dek die verlies aan geld wat gesteel word wanneer dit van die besigheid na en van die bank vervoer word

- "ALLE-RISIKO POLIS"
  - Versekeraars reik een polis uit wat al bogenoemde risko's dek

- NIE-VERSEKERBARE RISIKO'S
  - Staan ook bekend as sake- of ekonomiese risiko's
  - Besighede moet self voorsiening maak vir skade a.g.v. hierdie risiko's omdat versekeraars dit nie verseker nie, bv.
  - Prysverskille op verskillende plekke
  - Oninbare skuld
  - Mode- / tegnologiese veranderings
  - Winkeldiefstal, ens.

3.4.3 DIE TWEE BEGINSELS WAAROP VERSEKERING BERUS

SKADELOOSSTELLING	SEKURITEITSTELLING
Geld vir alle versekering van bates op die kort termyn, wat jaarliks hersien moet word	Van toepassing op 'n persoon se lewe
Versekeraar sal versekerde skadeloos stel wanneer gespesifiseerde risiko plaasvind	Verskaf sekuriteit vir versekerde of sy/haar afhanklikes
Geen winsoogmerk, slegs skade word vergoed	Aanvulling van pensioen by aftrede
Geen skade, geen skadeloosstelling	Polis betaal uit by afsterwe of bereiking van 'n bepaalde ouderdom van versekerde
Gebaseer op moontlike gebeure	Gebaseer op definitiewe gebeure
Bv. Brandskade, ens.	Bv. dood van 'n persoon / bereiking van 'n voorafbepaalde ouderdom

3.4.4 DIE TWEE BASIESE VEREISTES WAARAAN 'N GELDIGE VERSEKERINGSKONTRAK MOET VOLDOEN

- GOEIE TROU (ABSOLUTE EERLIKHEID)
- VERSEKERBARE BELANG
  [Leerders moet hierdie twee begrippe kan verduidelik, asook die vereistes en voorbeelde van versekerbare belang]

3.4.5 VERPLIGTE VERSEKERING

- Werkliede-skadeloosstelling
- Werkloosheidversekering
- Pad ongelukke fonds (POF)

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

[Leerders moet slegs die doel van elk ken]

ANDER VERSEKERINGSTERME:
- Herversekering
- Subrogasie
- Sedering

[Leerders moet hierdie terme kan verduidelik]

4. PRODUKSIEFUNKSIE

4.1 ASPEKTE VAN VERVAARDIGING

4.1.1 KEUSE TUSSEN DIE VERSKILLENDE PRODUKSIESTELSELS
[Leerders moet kan onderskei tussen ononderbroke (massa-) en onderbroke produksie (stuk- en reeksproduksie), ten opsigte van kenmerke, voordele en nadele]

4.1.2 FABRIEKSUITLEG
- BELANGRIKHEID VAN KORREKTE UITLEG EN PLASING VAN MASJIENE
  - Optimale benutting van ruimte
  - Uitskakeling van onnodige beweging in die fabriek
  - Uitleg moet so wees dat produktiwiteit bevorder word
  - Produksiekoste moet verlaag kan word
  - Gunstige produksietoestande

- VOORDELE VAN REGTE UITLEG VIR *WERKERS*
  - Minder fisiese inspanning / uitputting
  - Minder hantering voorraad / onderdele
  - Minder beweging van voorraad / onderdele
  - Minder ongelukke
  - Aangenamer werkstoestande
  - Bevorder produktiwiteit

- VOORDELE VAN REGTE UITLEG VIR *ONDERNEMING*
  - Minder werkers nodig
  - Minder uitgawes vir lone en vervoerkoste in fabriek
  - Hoër produktiwiteit
  - Beter produksiebeheer
  - Bevorder veiligheid

- VEREISTES VIR UITLEG VAN FABRIEK EN PLASING VAN MASJIENE
  - Produksiewerksaamhede moet by onderneming inpas

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Kortste moontlike roete moet in fabriek gevolg word
- Bewerkings moet mekaar opvolg sonder onderbrekings
- Alle ruimtes moet ten volle en ekonomies benut word
- Moet toekomstige uitbreidings in ag neem
- Gunstige werkstoestande moet geskep word
- Uitleg moet doelmatig wees

- GELYKBREEKPUNT
  - Inkomste is gelyk aan uitgawes
  - Geen wins of verlies word gemaak

4.1.3 PRODUKSPESIFIKASIES; PRODUKSIE OMVANG; PRODUKSIEBEPLANNING EN PRODUKSIEBEHEER

- PRODUKSPESIFIKASIES
  - Sketse, voorskrifte en aanwysings waarvolgens ‘n produk geproduseer word
  - om aan gestandaardiseerde vereistes te voldoen
  - spesifikasies verseker gehalte produkte
  - kwaliteits- (gehaltebeheer) geskied volgens spesifikasies

  VOORDELE
  - Leweransiers weet watter gehalte grondstowwe gelewer moet word
  - Kontrole na lewering verhoed dat swakker grondstowwe in produksie gebruik word
  - Vervaardigingsafdeling weet watter produkvereistes nagekom moet word
  - Gehaltebeheerafdeling weet hoe kontrole moet plaasvind
  - Klante weet watter gehalte produk hulle kan verwag

- PRODUKSIE-OMVANG / VOLUME / HOEVEELHEID
  - Topbestuur, verkoopsbestuurder en produksiebestuurder neem produksiebeplanningsbesluite
  - Produksie geskied volgens bestelling of om voorraad op te bou
  - Die bestuur van die onderneming moet bepaal hoeveel produkte in ‘n bepaalde tyd vervaardig moet word, na aanleiding van die vraag na die produk

- PRODUKSIEBEPLANNING
  - Het te doen met langtermynaspekte, bv. produksieproses, produksiestelsel, uitleg van die fabriek, ens.
  - Sluit ook korttermynaspekte soos gehaltebeheer, werkstudie, fabriekveiligheid, ens. in

- PRODUKSIEBEHEER
  - Kontrole oor die produksieplan sodat produksie ordelik en winsgewend kan geskied
  - Roetebepaling: bepaal die take, volgorde wat onderdele moet volg

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Roetekaart: gee leiding aan werkers
- Werkreëling: optimale benutting van masjiene en arbeid vir produksiedoeleindes
- Werksplan: werkers moet weet wat om wanneer te doen
- Koördinering van produksie: alle grondstof, masjiene, gereedskap en onderdele moet op die regte tyd en plek beskikbaar wees
- Kosteberaming: sal dit winsgewend wees om die produk te vervaardig teen die voorgenome verkoopprys?
- Produksiemagtiging: produksie mag begin
- Voortgangsbeheer: deurlopende kontrole om toe te sien dat alle prosesse korrek uitgevoer word, deur roetine-inspeksies en gehaltebeheer

- VOORDELE VAN DOELMATIGE PRODUKSIEBEPLANNING EN –BEHEER VIR:
  GRONDSTOFLEWERANSIERS
  - verseker van gereelde bestellings
  - weet grondstowwe moet aan sekere gehalte voldoen
  - gesonde verhouding tussen leweransier en fabrikant

  HANDELAARS
  - bestellings van regte gehalte word gereeld gelewer
  - altyd verseker van voorraad
  - ekonomiese bestelhoeveelheid

  WERKERS
  - as produksieproses glad verloop, bevorder dit arbeidsgeluk
  - weet watter standaarde vereis word
  - skakel meningsverskille uit
  - hoër produktiwiteit beteken hoër inkomste
  - aangename werkstoestande

  VERBRUIKERS
  - gereelde voorrade op regte tyd en plek beskikbaar
  - laer produksiekoste gee aanleiding tot laer pryse

- FAKTORE WAT GROOTTE VAN PRODUKSIE-ONDERNEMING BEPAAL:
  GROOTSKAALSE PRODUKSIE
  - indien groot kapitale beleggings nodig is, is grootskaalse produksie voordeliger
  - ingewikkelde prosedures in vervaardiging
  - eindproduk kos baie om te vervaardig

  KLEINSKAALSE PRODUKSIE
  - wanneer grondstof bederfbaar is
  - eindproduk is relatief goedkoop
  - produksie vir individuele smake
  - plaaslike aanvraag

4.1.4 KWALITEIT / GEHALTEBEHEER

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- sistematiese beheer van materiaal, masjiene en vakmanskap
- kyk of produk aan neergelegde standaarde en spesifikasies voldoen
- verseker dat eenvormige en gestandaardiseerde produkte vervaardig word

FAKTORE WAT GEHALTEBEHEER BEïNVLOED:
- inligtingstelsel wat afwykings aantoon
- toleransiegrens (aanvaarbare afwykings)
- aantal inspeksiepunte
- aantal inspeksies per inspeksiepunt
- betroubare en ekonomies inspeksiemetodes

VOORDELE VAN GEHALTEBEHEER
- werkers lewer gehalte produkte
- dien as basis vir loonaansporingstelsels
- handelaars en verbruikers is verseker van gehalte produkte
- produksiekoste kan verlaag word deur swak produkte uit te skakel
- vermorsing van grondstowwe word verminder
- lei tot verbeterde produkontwerp

4.1.5 FABRIEKSMASJIENE / TOERUSTING EN ONDERHOUD

- die fabriekuitleg, vloeeruimte en grootte van die fabriekoppervlakte word beïnvloed deur die aard en aantal masjiene
- masjiene en toerusting moet ten volle benut word om dit ekonomies te regverdig **(masjienbesetting**)

- SOORTE MASJIENE
  [Leerders moet kan onderskei tussen]
  - standaardmasjiene
  - gespesialiseerde masjiene,
  - eenheidsmasjiene en
  - kettingmasjiene

- FAKTORE WAT DIE BESLUITNEMING M.B.T. DIE AANKOOP VAN MASJIENE KAN BEïNVLOED
  - aankoopkoste
  - instandhoudingskoste
  - beskikbaarheid van alternatiewe handelsmerke
  - geskiktheid
  - produksievermoë
  - ekonomies geregverdig?
  - lewensduur, ens.

- MASJIEN ONDERHOUD
  - masjiene is duur en moet daarom gereld nagesien word om die lewensduur te verleng
  - produksie gaan verlore wanneer masjiene breek
  - fabrieke moet ‘n instandhoudingsprogram hê m.b.t. die masjiene

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- *VOORKOMENDE INSTANDHOUDING:*
- Voorkom dat masjiene breek
- Vervang onderdele na ‘n vasgestelde periode
- Gereelde inspeksie en diens van masjiene
- *REMEDIëRENDE INSTANDHOUDING:*
- Wag tot masjien breek en herstel / vervang dit
- *VOORWAARDELIKE INSTANDHOUDING:*
- Doen herstelwerk na roetine-inspeksies indien nodig

4.1.6 WERKSTUDIE

[Leerders moet die defenisies van werkstudie en die twee komponente waaruit dit bestaan, ken. Die defenisie van werkstudie, is ‘n samevoeging van die defenisies van metodestudie en werkmeting]

- *Metodestudie:*
  - ‘n Noukerige en kritiese ontleding van
  - bestaande werkverrigtinge, werkplek, werkers, masjiene en gereedskap
  - om ‘n beter en doelmatiger metode te probeer vind
  - streef na die goedkoopste en beste metode om ‘n taak af te handel
  - kyk of sommige take weggelaat, saamgevoeg of vereenvoudig kan word
- *Werkmeting:*
  - bepaal die presiese tyd wat
  - ‘n opgeleide werker aan ‘n taak bestee
  - deur die proses daagliks teen ‘n maksimum tempo uit te voer
  - sonder benadeling van konsentrasie en gesondheid
  - resultaat: standaardtyd vir elke taak

4.1.7 VEILIGHEIDSMAATREëLS

- FABRIEKVEILIGHEID
  - die fabriekaanleg en –uitleg moet sodanig wees dat werkers in veilige omstandighede kan werk
  - dit sal aanleiding gee tot gelukkige werkers
  - en produktiwiteit kan verhoog word
  - beserings / dood van werkers kos ondernemings baie geld en daar is ‘n verlies aan produksie, asook ekstra uitgawes vir plaasvervangers
  - ingestel op voorkoming

- HIGIëNE VAN DIE WERKER
  - die higiëne van die werkers moet in ag geneem word by die beplanning van die fabriek
  - verwarming / lugversorging
  - ventilasie
  - beligting
  - was- en stortgeriewe
  - toilette
  - kleedkamers

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- eetlokale
- sportgeriewe
- kliniek

- KONSTRUKSIEVEILIGHEID
  - stewige mure, vloere en dakke

- BRANDVEILIGHEID
  - ‘n branduitgang
  - brandtrappe
  - brandbestrydingsapparaat
  - veilige bewaring van ontvlambare stowwe
  - brandmure

- BEVEILIGING VAN WERKERS TEEN MASJIENE
  - persoonlike veiligheid moet nagekom word
  - beskermende klere
  - geen loshangende kledingstukke wanneer met roterende masjiene gewerk word
  - glyvrye vloere

- BEWARING VAN OMGEWING
  - positiewe bydrae tot besoedeling van riviere
  - skoonhou van omgewing
  - waak teen geraas- en lugbesoedeling

- FABRIEKSWETGEWING M.B.T. VEILIGHEID
  - Regulasies van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid nr. 6 van 1983, soos gewysig moet nagekom word (NOSA)
  - Fabrieke moet by die Departement van Arbeid / Mannekrag registreer
  - Onderhewig aan inspeksies
  - Voorskrifte m.b.t die veilige gebruik van masjiene moet nagekom word
  - Eerstehulp toerusting
  - Aanmelding van ongelukke
  - Ongelukke moet voorkom word (Drempelgrenswaarde)

4.2 PRODUKSIEKOSTE

[Leerders moet die verskillende kostekomponente kan verduidelik en ‘n eenvoudige kosteberekening van die eenheidskoste kan doen]

- kosteberekening vorm die basis van produksie
- kosteberekening en die uiteindelike bepaling van die eenheidsprys moet ten doel hê om:
- maksimum wins te maak,
- die onderneming instand te hou en
- omset te verhoog

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- BELANGRIKHEID VAN PRODUKSIEKOSTE VIR DIE VERVAARDIGINGSONDERNEMING
  - bepaling van gelykbreekpunt (geen wins of verlies)
  - bepaling van veiligheidsgrens in produksie (produksieopbrengs bo gelykbreekpunt)
  - bepaling van produksiekoste vir elke onderafdeling van produksie
  - moontlike verlaging van produksiekoste
  - aanpassing van verkooppryse by mededingers
  - produksiekoste inligting kan bestuur help met besluitneming

- BELANGRIKHEID VAN VERVAARDIGINGSKOSTE VIR DIE VERBRUIKER
  - verbruikers het onbeperkte behoetes, maar beperkte middele (geld) om die behoeftes te bevredig
  - laer produksiekoste is dus voordelig vir die verbruiker
  - ‘n monopoliemark is tot nadeel van die verbruiker, terwyl
  - volmaakte mededinging (prysbepaling deur vraag en aanbod) vir die verbruiker voordelig kan wees
  - die vervaardigingskoste en uiteindelike kleinhandelprys van substituutprodukte kan tot voordeel van die verbruiker wees

4.2.1 KOSTEKOMPONENTE

- DIREKTE GRONSTOFKOSTE
  - koste van grondstowwe wat maklik bepaalbaar is in die vervaardiging van ‘n produk
  - bv. hout om ‘n tafel mee te maak

- INDIREKTE GRONDSTOFKOSTE
  - bykomstighede in die produksieproses wat nie so maklik bepaalbaar is nie
  - bv. vernis

- DIREKTE ARBEIDSKOSTE
  - lone / salarisse vir werkers wat direk met die vervaardiging van die produk gemoeid is
  - bv. lone vir die masjien operateurs

- INDIREKTE ARBEIDSKOSTE
  - lone / salarisse wat nie maklik tot ‘n produk toegewys kan word nie
  - bv. lone / salarisse vir veiligheidswagte

- PRIMêRE PRODUKSIEKOSTE
  - die totaal van die direkte grondstof- en direkte arbeidskoste

- ALGEMENE- / OORHOOFSE- / BOKOSTE bestaande uit
  - VASTE BOKOSTE

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- bly onveranderd ongeag die aantal produksie ure gewerk of aantal produkte vervaardig
- bepaal volgens die aantal masjienure gewerk
- bv. huur van die fabriek wat betaal moet word, selfs wanneer die fabriek gesluit is vir vakansie
- VERANDERLIKE BOKOSTE
- Koste wat maandeliks verander na gelang van die ure gewerk en hoeveelde vervaardig
- Geen produksie, geen veranderlike bokoste
- Bepaal volgens arbeidsure
- Bv. water en krag

- TOTALE VERVAARDIGINGSKOSTE
  - totaal van primêre- en bokoste

- EENHEIDSKOSTE
  - totale vervaardigingskoste ÷ die aantal produkte in 'n gegewe tydperk vervaardig

- FORMULE OM PRODUKSIEKOSTE TE BEREKEN

Direkte grondstofkoste:		R …….
Beginvoorraad	R……	
Plus: Grondstofaankope	R…… = R……	
Min: Eindvoorraad	R……	
Plus: Direkte arbeidskoste		R…….
= **Primêre koste**		R ……
Plus: *Bokoste*		R …….
Vaste bokoste	R ……..	
Veranderlike bokoste	R ……..	
= **Totale produksiekoste**		R …….
Eenheidskoste: = Totale produksiekoste ÷ aantal artikels vervaardig		R ……. Per artikel

5. DIE ADMINISTRATIEWE FUNKSIE

5.1 DIE TAAK VAN DIE ADMINISTRATIEWE AFDELING

- Registrasie
- Waarneming
- Beheer

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Bewaring

5.2 AKTIWITEITE VAN DIE ADMINISTRATIEWE FUNKSIE

[Leerders moet die verskillende aktiwiteite kan omskryf]

- ADMINISTRATIEWE BEGRIPPE:
  - DATA
    Onverwerkte inligting

  - INLIGTING
    Verwerkte data

  - BESTUURSINLIGTING
    Inligting wat wetenskaplik volgens bestuursbehoeftes verwerk is

5.3 HANTERING VAN INLIGTING

5.3.1 Rekeningkundige rekords

- Boekhouding en rekordhouding van alle transaksies
- Samestelling van finansiële state op ‘n bepaalde wyse,
- Gereed volgens behoeftes van onderneming
- Kontrole oor korrektheid
- Administrasie van verkope en uitstaande skuld (debiteure)
- Administrasie van aankope en geld verskuldig (krediteure)
- Administrasie van voorraad
- Administrasie van salarisse / lone
- Administrasie van kontant

5.3.2 Kosteberekening

- ondernemings moet kosteberekeningstelsels hê
- dit het ‘n invloed op prysbepaling en die
- rentabiliteit van die onderneming
- vorm die basis vir handelsaktiwiteite

5.3.3 Begrotings

- beplanning van toekomstige inkomstes en uitgawes
- belangrike bestuursinstrument
- begrotingsbeheer moet toegepas word in o.a. die volgende:
- produksie
- voorrade
- koste, ens.

5.3.4 Statistiek

- wetenskaplike ontleding van
- inligting en gegewens, uitgedruk in
- getalle, figure, tabelle, histogramme**,** ens.

Download this Study Guide from **www.proverto.co.za** PROVERTO or e-mail your request to: **mail@proverto.co.za**

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

5.4 ORGANISERING VAN ADMINISTRATIEWE AKTIWITEITE

[Leerders moet dit kan omskryf]

- FAKTORE WAT BESLUITNEMING RONDOM SENTRALISERING EN DESENTRALISERING VAN ADMINISTRATIEWE FUNKSIES BEïNVLOED:
- Aard van die onderneming
- Grootte / omvang van die besigheid
- Gestandaardiseerde werksprosedures
- Gehalte van personeel
- Diversifikasie van werksaamhede
- Geografiese verspreiding van werksaamhede

5.4.1 Sentralisering:

Alle administratiewe aktiwiteite word op een sentrale punt gedoen

VOORDELE	NADELE
• Groter eenvormigheid	• Baie rompslomp
• Geen duplisering van dienste / toerusting	• Moeilik om wydverspreide takke te sentraliseer
• Minder afskrifte nodig / besparing	• Tegniese aspekte kan moeilik gesentraliseer word
• Spesialisasie van werkers	• Vertroulikheid kom in gedrang
• Beter werksverdeling	• onpersoonlike vehoudings
• Vinniger hantering van werk in spitstyd	

5.4.2 Desentralisering

Administratiewe funksies word by die verskillende takkantore gedoen

VOORDELE	NADELE
• Voorkom ropmslomp	• Geen spesialisasie
• Goeie menseverhoudings tussen werkers	• Vertragings in werk omdat persone nie spesialiseer
• Werkers word blootgestel aan al die aspekte van die werk	• Nie altyd gespesialiseerde toerusting en werkers
• Persoonlike belangstelling	• Werk word stadiger afgehandel

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

6. ALGEMENE BESTUUR

6.1 Bestuurbare bemarkingsfunksies (BEPA FAPA)

- **B**emarking
- **E**ksterne betrekkinge
- **P**roduksie
- **A**ankope

- **F**inansies
- **A**dministrasie
- **P**ersoneel
- **A**lgemene bestuur

6.2 Vlakke van bestuur

- TOPVLAK
- Neem strategiese besluite op die
- Langtermyn
- Bv. Besturende direkteur
- MIDDELVLAK
- Neem taktiese besluite op die
- Mediumtermyn
- Bv. Personeelbestuurder (Afdelingsbestuurders)
- LAERVLAKBESTUUR
- Neem operasionele / bedryfsbestuursbesluite op die
- Korttermyn
- Bv. Voormanne / toesighouers

- Hoe laer daar in die bestuursrange afbeweeg word, hoe meer persone is betrokke en derhalwe is daar meer spesialisasie
- Hoe hoër opbeweeg word, hoe minder persone is betrokke en daarom is daar minder spesialisasie, maar meer wetenskaplike kennis nodig
- *Betrokkenheid* van bestuursvlakke by die vier hoofelemente van bestuur

Bestuursvlak	**Beplanning**	**Organisering**	**Bevelvoering**	**Beheer**
Topvlak	Sterk betrokke	Betrokke	Ongereeld	Ongereeld
Middelvlak	Betrokke	Sterk betrokke	Betrokke	Betrokke
Laervlak	Ongereeld	Betrokke	Sterk betrokke	Sterk betrokke

6.3 (SLEGS HG) Formulering van die ondernemingsbeleid

[Leerders moet ‘n kort beskrywing van die volgende kan gee]

- Missie
- Visie
- Doelwit
- Beleid
- Strategie

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

6.4 Basiese (hoof) bestuurselemente (Beplanning, Organisasie, Bevelvoering, Beheer: [BOBB])

6.4.1 BEPLANNING

* DEFENISIE: Kyk na die toekoms, beplan werksaamhede om dit suksesvol uit te voer, oorweeg alternatiewe om die beste plan te kies

- BEGINSELS VIR EFFEKTIEWE BEPLANNING
  - Buigsaam wees
  - Wetenskaplik wees
  - Kies geskikste metode / tegniek
  - Koördinering tussen die verskillende bestuursvlakke
  - Realisties / uitvoerbaar / ekonomies
  - Balans tussen die verskillende vlakke, ens.

- BEPLANNING OP VERSKILLENDE BESTUURSVLAKKE
  - TOPVLAK
  - Beplanning begin hier
  - Langtermyn beplanning (doelwitte)
  - Stel organisasiestrukture saam
  - Beplan beleid van onderneming
  - MIDDELVLAK
  - Beplanning vir bereiking van doelwitte in die afdeling
  - Programme
  - Roetine-opdragte vir laervlakbestuur
  - LAERVLAK
  - Beplan daaglikse aktiwiteite
  - Uitvoering van opdragte

- BEGROTING AS BEPLANNINGSMETODE
  - Beleidsdokument
  - Finansiële bestuur
  - Beplanning van verwagte inkomste en uitgawes en finansiering daarvan
  - Langtermyn: (Kapitaalbegroting) vir vaste kapitaalbehoeftes
  - Korttermyn (Kontantbegroting) vir bedryfskapitaalbehoeftes
  - Moet wetenskaplik gedoen word

6.4.2 ORGANISASIE

- DEFENISIE:
  - Samevoeging van die ander drie produksiefaktore
  - Mikpunt is winsgewendheid
  - Sluit die volgende in: gesag, verantwoordleikheid, delegering en spanwydte van leiding [Leerders moet hierdie begrippe kan omskryf]

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- ORGANISASIESTRUKTURE

[Leerders moet tussen die kenmerke, voor- en nadele van die volgende organisasiestrukture kan onderskei, en dit skematies kan toelig]

- Lynstruktuur
- Funksionele struktuur
- Lyn- en staf struktuur (Kombinasie van bg.)
- **(SLEGS HG)** Projekorganisasie
- **(SLEGS HG)** Matriksorganisasie

6.4.3 BEVELVOERING (LEIDINGGEWING)

- Een van die hoofelemente van die bestuurstaak
- Bou die taak uit d.m.v. effektiewe leiding
- Bestuurder moet oor die nodige eienskappe van ‘n goeie bestuurder beskik
- Koördineer die bykomende bestuurselemente
- Twee rigting kommunikasie is nodig tussen die bestuur en werkers vir goeie bevelvoering

6.4.4 BEHEER / KONTROLE

- DEFENISIE
  - kontrole oor alle werksaamhede
  - om bedryfsresultate te verkry en
  - doelwitte te bereik
  - ontleed afwykings
  - en doen remediërende stappe om dit in die toekoms te voorkom
  - verslagdoening na hoër gesag is deel van kontrole

- BELANGRIKHEID
  - om toe te sien of die bestuur op die beplande doelwitte afstuur
  - verloop alles volgens plan?
  - werk die gekose organisasiestruktuur?
  - word die werkers deur die bestuur geaktiveer en gemotiveer?

- KONTROLEPROSES
  - Stel realistiese standaarde
  - Toets produktiwiteit aan neergelegde standaarde
  - Ontleed afwykings
  - Neem regstellende stappe indien nodig
  - Gereelde inspeksies
  - Oudit van finansiële state
  - Begrotings handleidings / riglyne
  - Vermaan nalatige personeel
  - Tugstappe teen herhaaldelike oortreders

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

GRADUATE SCHOOL OF MARKETING

6.4.5 BYKOMEMDE BESTUURSELEMENTE

[Leerders moet instaat wees om ‘n kort beskrywing van elk te gee]

- Besluitneming
- Kommunikasie
- Motivering
- Koördinering
- Dissiplinering
- Delegering

7. DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING

[Leerders moet die dienste / funksies van die volgende organisasies ken]

- SAKEKAMERS
  - Bevordering van die handel in daardie dorp / stad
  - Tree as arbiter op om geskille onder lede te besleg
  - Skakel onbilleke mededinging uit
  - Bestudeer nuwe wette / regulasies / ordonansies en bring dit onder lede se aandag
  - Probeer om eenvormigheid in besigheidspraktyke te verkry
  - Agiteer vir munisipale regulasies tot voordeel van die lede
  - Stel ‘n swartlys van swak betalers op en versprei dit onder lede

- SABS
  - Bevorder standaardisasie in die handel en nywerheid
  - Stel spesifikasies en gebruikskodes op
  - Stel toetsfasiliteite beskikbaar
  - Kontrole oor die uitreiking en gebruik van die verskillende SABS-merke
  - Doen voorligtingswerk m.b.t. standaardisasie
  - Streef na standaardisasie in handelsware

- WNNR
  - Bevorder wetenskaplike- en nywerheidsnavorsing
  - Bedien die betrokke minister van raad
  - Bevorder die onderrig in wetenskap
  - Opleiding van navorsers
  - Ontwikkeling van menslike hulpbronne
  - Ontwikkeling van materiële hulpbronne
  - Ontwikkeling van gemeenskapsdienste
  - Ontwikkeling van nasionale dienste

- JSE SEKURITEITE BEURS SA (VOORHEEN BEKEND AS DIE JEB)
  - Skakel tussen die belegger (aandeelhouer) en genoteerde publieke maatskapy (bedryfsleiers)
  - Help persone om op kleinskaal te belê
  - Help finansiële instellings om bv. pensioenfondse in aandele te belê
  - Beskerm die beleggers teen bedrog van makelaars en maatskappye

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za

- Aandeelpryse word daagliks gepubliseer
- Barometer van ekonomiese toestande

- SUID-AFRIKAANSE RESERWE BANK
  - Bank van uitgifte
  - Bewaarder van goud- en kontantreserwes
  - Verrekeningsbank
  - Bankier vir die staat
  - Beheer die hoeveelheid geld en krediet in omloop
  - Vasstelling van rentekoerse

- LAND BANK
  - Voorsien krediet aan boere op die lang- en korttermyn
  - Voorsien lenings aan landboukoöperasies

- KORPORASIE VIR OPENBARE DEPOSITO'S (KOD)
  - Belê onaangewende fondse van staatsdepartemente op die korttermyn

Download this Study Guide from www.proverto.co.za PROVERTO or e-mail your request to: mail@proverto.co.za